

LANDBOU-OORLEWING IN DIE NABYE TOEKOMS

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Om 'n plan vir die toekoms van landbou op te stel is miskien ietwat voortydig aangesien die meeste boere tans nog nie eers by die hede is nie. Die afgelope ses jaar het dinge eenvoudig net te veel en te vinnig verander wat dit moeilik vir boere gemaak het om by te bly. Die eerste domino wat die ander laat omkantel het was uiteraard die politieke veranderinge wat met die 1994-verkiesing in werking getree het. Hiermee is die deur van die globale ekonomie vir Suid-Afrika geopen en is die geslote sanksiegrense verwyder. In voortydige aanvaarding dat die nuwe landbou-onvriendelike regering vanaf 1994 die bestaande landboustrukture, wat in bondgenootskap met die vorige blanke regering gefunksioneer het, tot nadeel van die kommersiële boer sou misbruik, is die bemarkingsrade afgeskaf en het etlike koöperasies hulleself in maatskappye omvorm. Dit het toevallig saamgeval met die insinking van die Oosterse ekonomie en graanoorskotte dwarsoor die wêreld. Die gevolg was strenger monetêre beheer in Suid-Afrika met 'n styging in rentekoerse, daling in produsentepryse en 'n daling in die inflasiekoers. Die boer moes hierdie gevolge nou skielik sonder die stabiliteit van beheerde pryse en sonder die kollektiewe bedinging van 'n koöperasie hanteer terwyl 'n eens simpatieke regering nou meer gemoeid is met ideologiese doelwitte wat eerder betrekking op die swart kieser se stem het as wat dit prakties uitvoerbaar is.

Hoewel daar deeglike simpatie met die boer is, het die sterkste of die slimste of die een wat die meeste geraas maak nog nooit sulke drastiese veranderinge oorleef nie. Dié wat die vinnigste by sy nuwe omstandighede kon aanpas, het nog altyd oorleef. Dit is immers 'n ou natuurwet.

Daar moet beklemtoon word dat boere, spesifiek hulle bestuursbenadering en hul kapitaalstrukture, nog nie by die hede aangepas is nie. Dit wil voorkom of al die veranderinge die boer eerder teruggedwing het na die ding waarmee hy die beste vertrou is naamlik produksie. 'n Bemarkingsstrategie, doelgerigte finansiële bestuur en goed geadmistrateerde arbeidsbeleid staan tans ver terug agter die boer se passiewolle produksieplan. Eersgenoemde drie is welliswaar deur eksterne veranderinge op die boer afgedwing maar as hierdie aspekte net soveel prioriteit soos die laasgenoemde een geniet, sal die boer op datum wees met die hede en kan hy die toekoms in die oë kyk. 'n Tienpuntplan vir oorlewing in die nabye toekoms sal dan soos volg daarna uitsien:

Regering

Die kommersiële boer in Suid-Afrika sal nie aanspraak kan maak op direkte finansiële regeringshulp van enige aard nie en dit is te betwyfel of hulle dit werklik wil doen. Daar teenoor is dit die regering se plig en kan boere gevolglik daarop aandring, dat die speelveld gelyk moet wees met dié van ander lande. Dit beteken eerstens dat boere se lewens en hulle besittings effektief deur die wette van die land beskerm moet word. Tweedends moet die regering die infrastruktuur van die land onderhou sodat boere hul produkte kan vervoer en versprei. Derdens moet die plaaslike produksie beskerm word teen onwettige invoere vanaf ander lande en oormatige storting van gesubsidieerde surplus produkte van veral eerste wêreldlande.

Die huidige regering slaag nie daarin om bogenoemde drie take te verrig nie en gevolglik word landbou se toekoms daardeur bedreig. Boere en hulle organisasies sal hierdie aspekte deurlopend onder die regering se aandag moet bring en wel op 'n wyse wat nie konfronterend is nie.

Grondhervorming

Suid-Afrika sal nie in 'n tweede Zimbabwe ontaard wat grondhervorming aanbetref nie maar dan sal die regering tydig en ferm sy standpunt hieroor moet stel. In Zimbabwe is dié aspek deur 'n bankkrot regering as 'n verkiesingsbelofte gebruik eerder as 'n werklike behoefte na grond. Die ekonomiese prys wat daarvoor betaal word kan nie deur die ideologiese voordeel vervang word nie en die vrye markbenadering en soeke na internasionale erkenning van veral eerste wêreldlande behoort die Suid-Afrikaanse regering te dwing om grondhervorming op 'n lewensvatbare en verantwoordelike wyse aan te pak wat vir kommersiële en bestaansboere aanvaarbaar is.

Bestaansboere

Suid-Afrika, as 'n ontwikkelende land, het nog altyd bestaansboere gehad. Die ou beginsel waarvolgens 20% boere 80% van die produksie produseer het beteken dat 80% bestaansboere darem genoeg inkomste kon genereer om vir hul eie huishoudelike behoeftes en dié van hul kinders te voorsien. Die swart bestaansboere het waarskynlik net 'n kleiner behoefte aan lewensmiddele maar dieselfde beginsel geld vir hulle ook. Die toekoms sal nie hierdie boere laat verdwyn nie en hierdie verskynsel moet aanvaar word en ondersteun word, solank dit nie ten koste van die 20% hoë produserende kommersiële boere geskied nie.

Arbeid

Die arbeidswette van Suid-Afrika is ideologies, onprakties en gevolglik heeltemal te beperkend vir 'n ontwikkelende land met 'n hoë werkloosheidskoers. Die regering het in die onlangse verlede klanke in die regte rigting in dié opsig gemaak maar laat hom nog te veel deur sy Cosatu-bondgenoot beïnvloed. Die hoë werkloosheid is die hooforsaak vir die hoë misdaad in die land en die strenger arbeidswette vererger eerder die situasie as wat dit 'n bydrae tot beter arbeidsverhoudinge maak. Die regering sal hulle minder moet steur aan enkele geïsoleerde gevalle van vergrype tussen boere en hul arbeiders en moet besef dat die meeste boere wel goeie verhoudinge met hul arbeiders het. Dit is in die boer én die arbeider se belang dat arbeidswette eerder werkskepping aanmoedig as wat dit antagonisme en agterdog saai soos wat tans die geval is. Geen wet kan egter die verhouding tussen die boer en sy arbeiders bepaal nie. Produktiwiteit op die plaas begin met goeie gesindhede en die boer moet sorg dat sy kant van die saak skoon is, ten spyte van beperkende wette. Verder moet die boer te alle tye sorg dat sy optrede teenoor sy arbeiders nie voorvalle skep wat uitgebuit kan word nie.

Bemaking (Boer)

Die toekoms van landbou is onomkeerbaar op die vrye markstelsel geskoei en die boer sal 'n aktiewe prysmaker móét word om die beste voordeel hieruit te kry. Die boer kan steeds besluit om 'n passiewe prysnemer te wees maar dan moet hy weet dat die een uit tien jare wat hy hoë pryse op hierdie manier gaan kry nie gaan opmaak vir die ander nege jare wat hy lae pryse gaan kry nie. Die vrye markmeganismes (soos SAFEX) beteken dat daar, in terme van pryse, altyd 'n verloorder vir elke wenner sal wees. Daar is genoeg geleenthede vir 'n boer om in die vrye mark konstante goeie pryse te behaal eerder as om telkens vir die hoogste prys te sit en wag wat een keer in tien jaar kom. Die boer se toekoms gaan dus noodwendig beteken dat hyself en nie die koöperasie of landbou-unie nie, net soveel aandag

aan die bemarkingskant van die boerdery moet gee as aan die produksiekant anders gaan hy verloor ten koste van iemand anders wat wen.

Bemaking (Boer en Koper)

Die boer en die koper van sy produkte sal moet leer om langtermynvennootskappe met mekaar aan te gaan. Op hierdie stadium probeer beide om maksimum pryse ten koste van die ander te behaal. So byvoorbeeld was mielies se prys verlede jaar buitensporig hoog omdat daar 'n tekort was terwyl melk se prys onaanvaarbaar laag was omdat daar 'n surplus was. Die afgelope jaar het die omgekeerde vir hierdie produkte gegeld omdat daar mielies in surplus was terwyl daar 'n tekort aan melk was. Sulke groot variasies is nie in die boer of die koper se belang nie en pryse sal in die toekoms binne vlakke moet beweeg wat vir beide partye lewensvatbaar is.

Kredietverskaffing

Die onstabiele toestand waarin landbou tans verkeer en die benarde finansiële posisie waarin meeste boerderye as gevolg van die afgelope jaar se oormaat reën verkeer, maak kredietverskaffers senuagtig oor die landbou. Daarby het hul vernaamste sekuriteit, grond, sy beleggingswaarde verloor as gevolg van die lae inflasiekoers en die gebeure in Zimbabwe. Die ou manier van kredietverskaffing teen sekuriteit gaan nie in die toekoms meer werk nie en die klem sal, soos al jare lank deur meeste landbou-ekonome bepleit is, op terugbetaalvermoë moet geskied. 'n Weldeurdagte bemarkingsplan is immers veel meer werd as 'n vierde verband op 'n onontwikkelde plaas.

Agribesighede

Die boer se eertydse bondgenoot, koöperasies, het hulleself in maatskappye omskep en noem hulleself nou agribesighede. Daarmee saam het hulle uitgangspunt van koöperatiewe bedinging na dividendverklarings verander. Dié wat hulleself nog nie omskep het nie, tree in elk geval soos maatskappye op. Opsigself is dit nie noodwendig verkeerd nie want dit is 'n natuurlike uitvloeisel en 'n onomkeerbare ontwikkeling vir enige suksesvolle koöperasie. Dit het egter wesentlike implikasies vir die boer op die plaas want hy moet eerstens weet dat die verantwoordelik by homself lê om 'n sukses van sy boerdery te maak. Die agribesighede sal op hulle beurt moet besef dat hulle oor die langtermyn alleen so suksesvol kan wees soos wat hulle kliënte, in meeste gevalle slegs boere, se finansiële posisie hulle gaan toelaat om te wees. Daar sal weer eens 'n vennootskap tussen die boer en die agribesighede moet bestaan omdat die twee se voortbestaan baie afhanklik van mekaar is.

Koöperasies/Koopgroepe/Poele

Ten spyte van bogenoemde idealistiese siening sal 'n spontane een tot een vennootskap tussen boere en agribesighede nie ontstaan nie omdat agribesighede se sentiment altyd eerste by hul aandeelhouers sal lê en dan by hul kliënte. Die boer sal homself eerder in kleiner koöperasies, koopgroepe of bemarkingspoele moet organiseer om namens 'n groep boere met die groot agribesighede sake te doen. Sulke groepies kan veral bestaansboere, wit en anderskleurig, afsonderlik en gesamentlik bevoordeel. Dit kan die ontstaan van 'n nuwe koöperatiewe beweging tot gevolg hê waar die agribesighede as sentrale verskaffers vir sulke kleiner groepies gaan optree.

Tegnologie

Die tegnologie ontwikkel teen die spoed van klank en dit raak ook die boer. Die Internet alleen hou enorme voordele vir die boer in maar daar is ook nog presiesie boerdery en biotegnologie. Die boer sal hierdie tegnologie moet aanvaar en tot sy voordeel moet aanwend eerder as om tyd en energie te mors om dit te beveg.

BETHLEHEM
November 2000